






# *Nr 2* *Dr Louis Hiemstra*

Ons kan drie definitiewe KLEURFASES onderskei in die ontwikkeling van hierdie psigineurobstepedinteromonkortogerurg, of as u dit nog nie geraai het nie, die Huisarts, *nl* groen, goud en grys.

**DIE GROEN FASE**

Ontgin en omvat die jare gespandeer as Intern, locum tenens, assistent, junior vennoot of junior assosiaat, asook diegene wat militêre diensplig verrig, en ook sommige kliniese assistente.

Na regte is hierdie Groene 'n Huisarts, maar in werklikheid is hy nie, soos hy deur eie toenemende ondervinding spoedig besef.





Die druk van die realiteit, kompetisie, en uitbreidende ondervindingsveld sorg vir 'n spoedige metamorfose wat gevolglik oorgaan in die volgende fase.

**DIE GOUE FASE**

Hierdie fase bevat die grootste meerderheid Huisartse wat deur wisselwerking met kollegas, pasiënte en hul familielede, binne 'n bepaalde tyd so beïnvloed en omvorm is, dat hy nou werklik "elke pasiënt met enige probleem van liggaam, gees en siel te enige tyd en plek kan hanteer".




Hy is nou in 'n gevestigde prakyk en besit nou heelwat ervaring, en hanteer sy praktyk net so gemaklik soos sy handgemaakte seilplank, met net so nou en dan 'n balansverskuiwing vir die winderige aanslae. Hy is ook gewoonlik redelik welvarend — besit 'n gemaklike huis wat hy meestal net in die donker sien.




Hy is ook 'n staatmaker in die gemeenskap, kleurvol, en 'n ware haan op sy mishoop. Sy kinders is uit noodweer redelik selfstandig en weet al wat om nie vir Pa te vertel nie. Sy vrou floreer in die son, maar loop gevaar om in haar eie wentelbaan te beland.

Die Goue fase word noodwendig gevolg deur die Grys fase.



**DIE GRYS FASE**

Hierdie dokter het gewoonlik sy mylpale bereik en is meestal tevrede om geleidelik uit te faseer. In vergelyking met die jonger dokters het hy dikwels minder akademiese kennis tot sy beskikking gehad maar is nogtans hoog geag — meer as sy jonger kollegas wat neig om te veel te vinnig te doen.

Baie van hierdie kollegas beklee heeltydse poste in Staatsdepartemente en ander Privaat firmas waar die tempo nie so vinnig hoef te wees nie, maar waar hul onskatbare kennis tot andere se beskikking gestel kan word.

Hy begin nou die jare wat nog vorentoe lê tel, brildra het noodsaaklik geword, en sy vertraagde reaksietyd maak van hom 'n sekere verloorder met rekenaarspeletjies!

Huisartse word dus gevind in al drie gemelde kleurfases, Groen, Goud en Grys, maar die mees tipiese huisarts is sekerlik in die Goue fase.

Sy hoofvak vir daaglikse gebruik is

| PSIGINEUROSTEPEDINTEROMONKORTOGERUGIE |
|---|

'n Besondere vak met 'n wye horisontale verspreiding!